ONDERWYS

Affies-hoof wil by unie verskil maak

Deur Marthinus Koekemoer | 31 Oktober 2018 08:21

Dit gaan sleg met onderwys in Suid-Afrika en die departement van onderwys is grootliks daarvoor te blameer.

Só meen Marna Jordaan, wat pas tot voorsitter van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie in Gauteng verkies is.

"Onderwys is in sommige aspekte in kommerwekkende tye," sê sy.

"Daar is nog baie skole wat nie behoorlik funksioneer nie en hier meen ek die departement van onderwys is deel van die probleem. Die sluiting van die destydse onderwyskolleges was 'n fout."

Marna Jordaan, skoolhoof van die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria, is tot voorsitter van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) in Gauteng verkies. Foto: Colleen Naudé

Jordaan, skoolhoof van die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pretoria, neem amptelik op 1 Januarie die leisels by die unie in die provinsie oor.

Die huidige voorsitter tree aan die einde van 2018 af en sal dus dan ook as voorsitter van die SAOU moet uittree.

Jordaan het jare gelede as ondervoorsitter in Gauteng gedien.

Gauteng het die meeste SAOU-lede in die land en Jordaan hoop om veral die lede hier se belange te bevorder.

"Ek moet lede onder meer help om vir mededingende salarispakkette te onderhandel en waar dit nodig sou wees vir hulle regshulp inwin. Ek kry die spreekwoordelike voet in die deur by die regte plekke."

Maar volgens Jordaan strek wat die

SAOU vir hul lede doen veel verder.

SAOU vir hul lede doen veel verder.

"Ons moet seker maak onderwysers werk in 'n veilige omgewing en word bemagtig in terme van leierskap en bestuur," sê sy.

"Alles in ag genome het ek 'n baie groot verantwoordelikheid op my skouers."

Die SAOU speel ook 'n rol om lede op te lei en verskaf aan hulle verskeie ander professionele dienste.

Ek dink aan myself as 'n realis, nie 'n pessimis nie en met die regte ingesteldheid kan ons berge versit.

Jordaan sê onderwysers in Suid-Afrika moet verskeie uitdagings te bowe kom om hul werk behoorlik te doen, maar of hulle nou onder 'n boom skool gee of hul werk in 'n klaskamer met lugreëling doen, sy wil hulle almal help.

"Sterk leierskap en dissipline is belangrik om 'n skool behoorlik te bestuur," sê Jordaan.

"Om sterk leiers in plek te kry moet beter bevorderingsposte aan onderwysers beskikbaar gemaak word. Sodoende kan ons beter skoolhoofde in plek kry wat sukkelende skole in suksesverhale kan omskep. Die belangrikste eienskap van 'n goeie onderwyser is om die werk met liefde in die hart aan te pak. Iemand wat nie dit van hom of haarself kan sê nie, moenie 'n onderwyser word nie."

'n Verdere probleem wat Jordaan in Gauteng geïdentifiseer het, is die toestroming van leerlinge uit ander provinsies, en selfs uit ander lande, wat die skole in Gauteng uit hul nate laat bars. Sy meen meer skole moet dringend in dié provinsie gebou word. "Onderwysers doen belangrike werk en kry dikwels nie veel erkenning nie.

"Ek dink aan myself as 'n realis, nie 'n pessimis nie en met die regte ingesteldheid kan ons berge versit."